Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2014

EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE

NAAM VAN LEERDER: _____

PUNTE: **200**

TYD: **2 uur**

9EK0N

Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye wat ook ’n antwoordblad is.

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit ELF vrae en VIER afdelings:

   AFDELING A: 60 punte
   AFDELING B: 40 punte
   AFDELING C: 60 punte
   AFDELING D: 40 punte

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies vir ELKE vraag sorgvuldig en beantwoord slegs wat vereis word.

4. Vrae moet OP DIÉ VRAESTEL beantwoord word.

5. Gebruik die puntetoekenning om die lengte van antwoorde te bepaal.

6. Skryf duidelik en netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vraag verskaf. Kies die korrekte antwoord en skryf SLEGS DIE LETTER (A–D) van jou antwoord in die blokkie wat verskaf word, byvoorbeeld 1.11 E.

1.1 Die ekonomiese stelsel waarin die faktore van produksie besit word deur private individue en ondernemings:

A Gemengde ekonomie
B Markekonomie
C Beplande ekonomie
D Globalisering (2)

1.2 Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika is ŉ voorbeeld van ...

A ŉ gemengde ekonomie.
B ŉ markekonomie.
C ŉ beplande ekonomie.
D globalisering. (2)

1.3 Die berekening van die Koste van verkope lui as volg:

A Verkoopprys x 100/winsopslag
B Verkoopprys x persentasie winsopslag
C Verkoopprys x 100/(100 + winsopslag)
D Kosprys x persentasie winsopslag (2)

1.4 Die ... -funksie fokus op advertensies en die bevordering van verkope vir die besigheid en ontwikkel strategieë om verbruikers te oortuig om hul produkte of dienste te koop.

A administrasie
B algemene bestuur
C finansiële
D bemarkings (2)

1.5 Hierdie funksie is verantwoordelik vir die opteken van die finansiële transaksies en beheer oor finansiële rekords van die onderneming:

A Administrasie-funksie
B Algemene bestuurs-funksie
C Finansiële-funksie
D Bemarkingsfunksie (2)

1.6 Wanneer die vraag na die aanbod vir ŉ produk oorskry dan ...

A styg die prys.
B daal die prys.
C styg die vraag.
D daal die aanbod. (2)

1.7 Bates vermeerder met ŉ inskrywing aan die … -kant en verminder met ŉ inskrywing aan die … -kant.

A debiet en debiet
B debiet en krediet
C krediet en debiet
D krediet en krediet (2)

1.8 Hierdie koste verander nie as die aantal produkte wat vervaardig word verander nie.

A Vaste koste
B Veranderlike koste
C Winsopslag
D Gelykbreekpunt (2)

1.9 Dit betaal huishoudings vir hul arbeid en die ander faktore van produksie.

A Regering
B Finansiële instellings
C Huishoudings
D Besighede (2)

1.10 ŉ … bevestig dat elke transaksie aangeteken was in twee afsonderlike grootboekrekeninge.

A Inkomstestaat
B Balansstaat
C Proefbalans
D Algemene grootboek (2)

[20]

VRAAG 2

Voltooi die volgende stellings deur die ontbrekende terme neer te skryf van die lys van woorde wat verskaf word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.5) wat jy gekies het.

kredietnota; duplikaatfaktuur; vaste koste; veranderlike koste; gemengde mark; beplande; produksieplan; debietnota; sakeplan; gelykspeel

2.1 Die … is die dokument wat die produk beskryf, hoe dit vervaardig word, wie dit gaan maak en hoeveel dit sal kos.

2.2 Die … is die brondokument wat gebruik word vir die terugsending van goedere deur debiteure.

2.3 Die … berekening bepaal watter hoeveelheid produkte gemaak en verkoop moet word om die koste te dek.

2.4 Die … is die brondokument wat gebruik word wanneer goedere deur debiteure aangekoop word.

2.5 Een van die nadele van ’n … ekonomie is dat mense nie keuses het nie, omdat die regering alles beheer.

ANTWOORDE:

2.1 _____ (2)

2.2 _____ (2)

2.3 _____ (2)

2.4 _____ (2)

2.5 _____ (2)

[10]

VRAAG 3

Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die LETTER (A–J) van die antwoord langs die vraagnommer (3.1–3.10) neer, bv. 3.11 K.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Banke	A	Geld wat gebruik word om ŉ besigheid te begin
3.2	Bates	B	Waar transaksies aangeteken word wat nie spesiale kolomme het nie
3.3	Kapitalisme	C	Dit is voorbeelde van finansiële instellings
3.4	Finansiële plan	D	Dit staan ook as ŉ markekonomie bekend
3.5	Resessie	E	Ontleding van hoe die besigheid gestruktureer sal wees, en watter hulpbronne benodig sal word
3.6	Kapitaal	F	Identifisering van die teikenmark deur presies te ontleed wie jou mark is en waar dit geleë is
3.7	Transaksie	G	… is die besittings van die besigheid
3.8	Bestuursplan	H	Tydperk van lae ekonomiese aktiwiteit
3.9	Bemarkingsplan	I	Sluit skattings van beginkoste en toekomstige inkomste en uitgawes in
3.10	Diverse rekeninge	J	ŉ Uitruil van ŉ finansiële aard tussen ŉ koper en ŉ verkoper

ANTWOORDE

3.1 _____ (2)

3.2 _____ (2)

3.3 _____ (2)

3.4 _____ (2)

3.5 _____ (2)

3.6 _____ (2)

3.7 _____ (2)

3.8 _____ (2)

3.9 _____ (2)

3.10 _____ (2)

[20]

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

4.1 Bruto binnelandse produk (BBP) is die waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van ŉ land geproduseer word.

Antwoord: _____ (2)

4.2 ŉ Tjekteenblad word gebruik om transaksies wat betalings verteenwoordig, aan te teken.

Antwoord: _____ (2)

4.3 Karl Marx was die "vader van kapitalisme".

Antwoord: _____ (2)

4.4 Aan die einde van die maand word al die joernale afgesluit en na die Algemene Grootboek oorgeboek.

Antwoord: _____ (2)

4.5 Veranderlike koste bly dieselfde elke maand.

Antwoord: _____ (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: DIE EKONOMIE

VRAAG 5



Gebruik die voorafgaande diagram om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die nommer neer wat by die beskrywing hieronder pas, **byvoorbeeld 5.17 Antwoord: 18.**

5.1 Thami koop geskenke en lekkers vir die hele gesin.

Antwoord: _____ (1)

5.2 Jane bied aan om huise te verf as ʼn deeltydse werk vir die somer.

Antwoord: _____ (1)

5.3 George ontvang inkomste uit die uithuur van eiendomme.

Antwoord: _____ (1)

5.4 Mary betaal vir konsertkaartjies.

Antwoord: _____ (1)

5.5 General Motors SA vervaardig vragmotors vir die verbruikersmark.

Antwoord: _____ (1)

5.6 Die Pirates-sokkerklub ontvang geld vir seisoenkaartjie-verkope.

Antwoord: _____ (1)

5.7 Le Parit skoonheidsalon neem ʼn addisionele haarkapper in diens.

Antwoord: _____ (1)

5.8 Dynamic Body fiksheidssentrum betaal hul persoonlike afrigters elke Vrydag.

Antwoord: _____ (1)

5.9 Pick n Pay (Edms.) Bpk. betaal jaarlikse belasting aan die plaaslike regering.

Antwoord: _____ (1)

5.10 Die Dzudzu gesin betaal inkomstebelasting aan die regering.

Antwoord: _____ (1)

Kopiereg voorbehou

5.11 Mej. Zizi, ʼn vertaler by die Kimberley landdroshof, ontvang ʼn maandelikse salaris.

Antwoord: _____ (1)

5.12 ʼn Onlangse polisie-akademie gegradueerde word deur die polisie afdeling gehuur.

Antwoord: _____ (1)

5.13 Die plaaslike munisipaliteit voorsien persoonlike vullisverwydering.

Antwoord: _____ (1)

5.14 ʼn Klein maatskappy verskaf uniforms en mediese toerusting aan die land se gewapende magte.

Antwoord: _____ (1)

5.15 Die regering verskaf elektrisiteit aan plaaslike ondernemings in die Sarah Baartman (Cacadu)-distrik.

Antwoord: _____ (1)

[15]

VRAAG 6

Die tabel hieronder dui die gekombineerde markvraag en -aanbod kurwes vir liniale aan.

PRYS IN RAND	HOEVEELHEID IN AANVRAAG	HOEVEELHEID AANGEBIED
1	80	20
2	70	30
3	60	40
4	50	50
5	40	60
6	30	70
7	20	80

GEVRA:

6.1 Teken die VRAAG- en AANBODKURWES op die grafiek. (10)

6.2 Gebruik die grafiek om te verduidelik dat die Wet van Vraag bewys dat daar ŉ OMGEKEERDE verhouding tussen prys en hoeveelheid aangevra bestaan. (3)

6.3 Gebruik die grafiek om te verduidelik dat die Wet van Aanbod bewys dat daar ŉ POSITIEWE verhouding tussen prys en hoeveelheid aangebied bestaan. (3)

OPSKRIF:

6.2 **Antwoord:** _____

_____

_____

(3)

6.3 **Antwoord:** _____

_____

_____

_____ (3)

[16]

VRAAG 7

'n Staking is 'n uitdaging wat vele besighede in Suid Afrika vandag in die gesig staar. Stakings, spontane ('wildekat) stakings en sloerstakings is baie duur vir ondernemings sowel die werknemers.



7.1 7.1.1 Verduidelik waarom 'n staking gevaarlik vir 'n besigheid kan wees.

Antwoord: _____

_____

_____

_____

_____ (4)

7.1.2 Die werkers sal ook in die moeilikheid wees. Waarom?

Antwoord: _____

_____

_____

_____

_____ (4)

7.2 Waarvoor staan die afkorting COSATU?

Antwoord: _____ (1)

[9]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID

VRAAG 8

8.1 Die onderstaande inligting verskyn in die rekeningkundige rekords van Gajjar Handelaars op 31 Oktober 2014. Hierdie onderneming handhaaf ŉ winsopslag van 25% op die kosprys.

Kontantontvangstejoernaal van Gajjar Handelaars vir Oktober 2014

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteurekontrole	Diverse rekeninge
? (8.1.1)	?(8.1.2)	R43 200	R53 000	R40 300

(Ingesluit in die Diverse rekeninge is R5 200 vir Huur inkomste.)

Kontantbetalingsjoernaal van Gajjar Handelaars vir Oktober 2014

Bank	Handelsvoorraad	Krediteurekontrole	Diverse rekeninge
?(8.1.3)	R109 050	R25 000	R6 100

(Ingesluit in die Diverse rekeninge is R1 200 vir nuwe toerusting verskaf deur Geraldo Dienste)

Krediteurejoernaal van Gajjar Handelaars vir Oktober 2014

Krediteure kontrole	Handelsvoorraad	Toerusting	Diverse rekeninge
? (8.1.4)	R40 500	R8 650	R5 000

Krediteureafslagjoernaal van Gajjar Handelaars vir Oktober 2014

Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Toerusting	Diverse rekeninge
?(8.1.5)	R2 560	R0	R250

Debiteurejoernaal van Gajjar Handelaars vir Oktober 2014

Verkope	Koste van verkope
R118 800	? (8.1.6)

Debiteureafslagjoernaal van Gajjar Handelaars vir Oktober 2014

?(8.1.7)	Koste van verkope
R2 030	R1 525

8.1 GEVRA: (a) Vul in die ontbrekende inligting in die dele gemerk 8.1.1– 8.1.7.

ANTWOORDE:

8.1.1 _____ (1)

8.1.2 _____ (1)

8.1.3 _____ (1)

8.1.4 _____ (1)

8.1.5 _____ (1)

8.1.6 _____ (1)

8.1.7 _____ (1)

8.2 Voltooi die oorboekings na die Handelsvoorraad en Debiteurekontrole rekeninge in die Algemene Grootboek.

Dt				HANDELSVOORRAAD							Kt

(15)

				DEBITEUREKONTROLE							

(10)

8.3 DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

INSTRUKSIE
Dui die effek van die onderstaande transaksie op die REKENINGKUNDIGE VERGELYKING aan. Gebruik die tabel hieronder vir die ontleding.

TOON DIE BEDRAG SOWEL AS DIE EFFEK, m.a.w. toon ŉ toename met ŉ (+) en ŉ afname met ŉ (–) aan.

Transaksie:

MEI 2014

2. Kontantverkope volgens KRS nr. 201, R5 600 (Koste van verkope, R 2 300)

TRANSAKSIE	BATES	EIENAARSBELANG	LASTE
2 Kontantverkope volgens KRS nr. 201 R5 600 (Koste van verkope R2 300)			



(4)
[36]

VRAAG 9

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Zola Mbambi het twee jaar gelede ŉ onderneming begin. Hy verkoop ŉ verskeidenheid van wedrenfietse en bypassende toebehore. Zola herstel ook renfietse.

Hy het ŉ lening van R125 000 van ZEN BANK ontvang om die besigheid te begin. Die terugbetaling moet oor vyf jaar geskied en die rente beloop 6% p.j. Zola koop die renfietse vanaf Incredible Cyclists op krediet Betaling moet binne 30 dae na aankoop geskied. Voorraad van Sprinter fietse word teen R1 000 aangekoop en teen R1 650 verkoop. Tydens Maart het hy 33 nuwe Sprinter fietse aangekoop. Verkope geskied slegs op krediet en terme van betaling is 60 dae na aankope.

Gedurende Maart het hy ŉ wins van R12 340 uit die verkope van fietse en toebehore gemaak. Geen herstelwerk is tydens Maart gedoen nie.

Gedurende Maart is die volgende koste aangegaan:

- Water en Elektrisiteit R600
- Huuruitgawes R4 500
- Versekering R200
- Direkte materiaalkoste R5 600
- Brandstof R500
- Lone R6 000

9.1 Kies ŉ voorbeeld van ŉ huidige verpligting (bedryfslas) uit die storie.

Antwoord: _____ (2)

9.2 Kies ŉ voorbeeld van ŉ nie-bedryfslas uit die storie:

Antwoord: _____ (2)

9.3 Hoeveel rente is deur Zola aan ZEN BANK verskuldig vir Maart?

Antwoord: _____ (4)

9.4 Verduidelik die begrip "*koste van verkope*".

Antwoord: _____

_____ (2)

9.5 Verduidelik waarom dit ŉ goeie idee van Zola is om die fietse op krediet te verkoop.

Antwoord: _____

_____ (2)

9.6 Die verkoop van fietse op krediet kan ook ŉ risiko vir Zola wees. Gee TWEE redes waarom die keuse ŉ risiko kan wees.

Antwoord: _____

_____

_____

_____ (2)

[14]

VRAAG 10

Die onderstaande saldo's en totale het op 30 Junie 2014 in die Algemene Grootboek van Mentone Klerevervaardigers verskyn:

Bank,?; Kapitaal, R350 000; Koste van verkope, R200 560; Krediteurekontrole, R8 500; Debiteure-afslag, R12 560; Debiteurekontrole, R46 662; Rente ontvang, R260; Huuruitgawe, R15 600; Salarisse, R98 320; Verkope, R441 232; Telefoon, R8 560; Handelsvoorraad, R150 200; Voertuie, R265 000; Water en Elektrisiteit, R5 600.

10.1 Stel die Proefbalans van Mentone Klerevervaardigers op 30 Junie 2014 op.

Antwoord:

Proefbalans van Mentone Klerevervaardigers op 30 Junie 2014		
	Debiet	Krediet

(9)

10.2 Bereken die bedrag van die Bank saldo.

Antwoord: _____ (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP

VRAAG 11

11.1 VLOEIDIAGRAM VIR DIE PRODUSIE VAN BROOD



11.1.1 Verskaf die byskrifte vir die sektore wat deur (a), (b) en (c) hierbo aangedui word.

Antwoord:

(a) _____ (1)

(b) _____ (1)

(c) _____ (1)

11.1.2 Verduidelik die verwantskap tussen hierdie drie sektore, met verwysing na die produksie van BROOD.

Antwoord:

(6)

11.2 Noem die VYF belangrike funksies van die menslike hulpbronne-funksie.

Antwoord:

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (5)

11.3 Die jaarlikse markdag van jou skool sal op die eerste Vrydag van die nuwe kwartaal gehou word. By die geleentheid sal worsbroodjies deur jou groep verkoop word. Die groep het ooreengekom om tydens die huidige kwartaal alreeds marknavorsing te doen.

11.3.1 Verduidelik waarom die marknavorsing tydens die huidige kwartaal gedoen moet word.

Antwoord:

_____

_____

_____

_____ (3)

11.3.2 Op grond van die bevindinge van die marknavorsing, het die groep vervolgens die bemarkingsplan bespreek.

Verduidelik VIER aspekte wat tydens hierdie bespreking aandag moet geniet.

Antwoord:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

11.4 Lewer kortliks kommentaar oor die rol van die risikobestuursfunksie van 'n onderneming.

Antwoord:

_____

_____

_____

_____ (4)

11.5 Verduidelik kortliks die uitvoerende opsomming van ŉ besigheid.

Antwoord:

_____

_____

_____

_____

_____ (3)

11.6 GEVALLESTUDIE:

DJ'S BOUTIQUE

Daylo and Jeno is die trotse eienaars van DJ's Boutique, wat in Johannesburg geleë is. Hulle verkoop bekostigbare skoene vir dames sowel as mans. Hulle dryf ook handel met ingevoerde skoene en ontwerperjeans. Daylo beskik oor ŉ graad in Sakebestuur en sy vennoot, Jeno het ŉ diploma in Bemarking. Die vraag na hulle produkte het sodanig toegeneem dat hulle nuwe takke in Durban en Kaapstad moes open.

ABC Handelaars, wat voorheen ontwerper jeans in Johannesburg en Durban verkoop het, het beide takke van hulle onderneming, weens swak verkope, gesluit.

Die Johannesburgse plaaslike munisipaliteit het onlangs die e-tolstelsel, op die roete wat deur hulle onderneming gebruik word, ingestel. Tydens dieselfde tydperk het die munisipaliteite die belasting op alle besigheidseiendomme verhoog. Die onlangse verhoging in die brandstofprys het hulle vervoerkoste aansienlik verhoog.

Hulle het Frank, ŉ persoon met geen ondervinding, as kassier in diens geneem. Kliënte het intussen klagtes ingedien waarin hulle beweer dat Frank onprofessioneel optree.

GEVRA:

Ten einde hulle met ŉ SWOT-analise vir hul besigheid te help, moet jy ten minste TWEE van ELK van die SWOT-komponente in die gevallestudie identifiseer.

STERKPUNTE:

_____

_____

_____

SWAKPUNTE:

GELEENTHEDE:

BEDREIGINGS: (8)

11.7 In jou eie woorde, omskryf kortliks wat die produksie-funksie doen.

Antwoord: (2)

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 200